## MAAK STEM DIK OOR MINIMUM LOON

Die minimum loon vir plaaswerkers is wat my betref nie net sleg vir die boer nie, maar ook vir die werkers. Hoekom met ek nou iemand wat ek pas aangestel het, dieselfde betaal as iemand wat al jare by my werk en die werk ken?

Daar is soveel duisende werkloses wat vir minder as R25,42 per uur sal werk net om werk te kry. Met ander woorde, jy mag hom nie help deur hom byvoorbeeld R20 per uur aan te bied nie – dan is jy die vark in die verhaal. Hy moet liewer loop en bedel of steel as om 'n werk te hê wat minder betaal.

Ek vra myself af: Kan 'n regering so kortsigtig wees? In die goeie oud dae kon jy 'n kind in oestyd 'n werkie gee net om hom te help, maar nou is dit teen die wet. Ek het self vakansietye my oupa-hulle gehelp mielies oes vir sakgeld. Nou is dit 'n misdryf!

'n Mens kan maar net hoop dat die georganiseerde landbou sy nek sal styf maak om die onregte teenoor die werkloses te probeer verminder.

Terloops, dit is vir my nogal jammer dat mnr. Christo van der Rheede so vroeg wil uittree as uitvoerende hoof van Agri SA. Hoewel ek nie meer 'n lid is nie, hou ek van sy oopkop-standpunte en dat hy presies sê waar die probleem is.

Ek het in sy voorganger se tyd as lid bedank omdat dié altyd so polities korrek wou wees met sy uitsprake. Ons weet tog almal wat is die foute in Suid Afrika. Hoekom dan altyd met 'n omhaal van woorde probeer verduidelik wat die minister of president eintlik bedoel?

**SAREL DU PLESSIS**

Mbombela



**LUISE SE MOSES.** Somertyd is reëntyd en dan is die bosluisbelading hoog in die somersaaigebiede, met die gevolg dat boere hul vee gereeld moet dip om verliese te voorkom. Dit is egter nie net chemiese middels wat die uitwendige parasiete laat les opsê nie – renostervoëltjies dra ook hul deel by deur bosluise van veral beeste en wild af te pik. In sommige dele is dié waardevolle voëls só talryk dat hulle die boere baie geld bespaar. Hier lê 'n Brahman rustig en herkou terwyl twee renostervoëls na prooi soek. Die foto is op 'n plaas van mnr. Louis Meyer tussen Zeerust en die Kopfontein-grenspos tussen Suid-Afrika en Botswana geneem waar hy sy Loriza Brahman-stoetery aanhou. FOTO: CHARL VAN ROOYEN

## KORRUPSIE: DE RUYTER MÓÉT PRAAT

Dat mnr. André de Ruyter Eskom vroeër as beoog verlaat het, was geen verassing nie. Die ANC kon nie bekostig dat hy aanbly nie. Hy het 'n gevaar geword en beskik oor verdoemende inligting. Dit is duidelik dat hy eerstehands oor inligting rakende korrupsie beskik.

As hy sy inligting nie aan die polisie bekend maak nie, maak hy hom skuldig aan 'n oortreding van artikel 34 (2) van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede (Wet 12 van 2004). Selfs 'n vermoede van korrupsie moet aangemeld word.

De Ruyter kan en behoort die regte paadjie te volg en in landsbelang sy inligting aan die polisie oor te dra. Dat 'n minister betrokke is of geweet het van die korrupsie, maak dit gebiedend noodsaaklik.

Natuurlik oortree die minister ook die wet.

De Ruyter is dit aan Suid-Afrika verskuldig om korrupsie tot die been oop te vlek.

**ADAMUS P. STEMMET**

Durbanville


## SKRYF VIR ONS EN WEN 'N PRYS

Skryf gerus aan ons. As dit die wenbrief is, ontvang jy R150 met die komplimente van BKB. Sê jou sê in hoogstens 500 woorde. Stuur dit per e-pos aan **lbw@landbou.com** of per gewone pos aan Die Redakteur, Brieweblad, *Landbouweekblad*, Posbus 1802, Kaapstad 8000. Verskaf jou naam en adres, al wil jy 'n skuilnaam gebruik.

BKB
Die Betroubare Tuiste van Landbou


## LAND BANK: ONDERSTEUN DIE BOERE

Hoe dieper ek oor die saak van mnr. Carel van der Merwe dink, hoe meer besef ek dat ons boere in ons moer is as dit is hoe ons howe werk! Gelukkig vir Suid-Afrika se boere het die regstelsel juis vir Van der Merwe aangepak. Ek sê dit omdat hy die opleiding en die deursettingsvermoë het om namens ons almal die pad vorentoe oop te kap en aan te hou veg.

As gewone boer gaan ek u dieper probeer inlig, want verslaggewers kan soos bye of brommers wees. Bye en brommers besoek dieselfde blom. Die bye maak heuning wat ratels voed, teenoor brommers wat net hulself voed om daarna miskolletjies te gaan soek om wurms te produseer wat skape "lewend opvreet".

Wie weet dat Van der Merwe 'n kliënt van Unigro was? Unigro het sy boerdery se leningsooreenkomste aangegaan, gediens en die krisis in die droogtetyd saam met hom bestuur. Die Land Bank het geskitter in sy afwesigheid. Dit was 'n twintigjaar-ooreenkoms.

Unigro het die geld wat hy uitleen, by die Land Bank bekom. Toe die Land Bank bankrot raak weens swak politieke bestuur, is Unigro se kliënte se skuld "opgesê".

Van der Merwe het aan die Land Bank 'n driejaar-sakereddingsplan voorgelê, wat afgekeur is. Miljoene rande later